**Made available by Hasselt University Library in https://documentserver.uhasselt.be**

Skryf Teen Die Geskiedenis In: Die Prosa Van A.H.M. Scholtz

Non Peer-reviewed author version

RENDERS, Luc (2006) Skryf Teen Die Geskiedenis In: Die Prosa Van A.H.M. Scholtz. In: Van Coller, H.P. (Ed.) Perspektief en profiel, 3, p. 428-443..

Handle: http://hdl.handle.net/1942/1664

# Skryf teen die geskiedenis in: Die prosa van A.H.M. Scholtz

**Luc Renders (Limburgs Universitair Centrum)**

## 1. Die skrywer as outodidak

A.H.M. Scholtz is sonder enige twyfel die mees geprese en suksesvolle bruin Afrikaanse prosaskrywer van die laaste dekade van die twintigste eeu. Met sy roman *Vatmaar* (1995) debuteer hy op 72-jarige leeftyd. *Vatmaar* vertel die verhaal van die inwoners van ’n klein dorpie met dieselfde naam. Veral die ouer inwoners van die nedersetting kry die geleentheid om hulle lewensverhale te vertel. Die resultaat is ’n bonte tapisserie, sterk gekleur deur die persoonlikhede en die ervarings van die verskillende vertellers. Die roman is sowel deur die kritiek as deur die leserspubliek baie goed ontvang. Dit is ook bekroon met drie belangrike pryse: die M-Net-prys, die CNA-prys en die Eugene Marais-prys. Volgens J. Gerwel (1995:31) is *Vatmaar*

> ’n merkwaardige letterkundige gebeurtenis (…) Scholtz is ’n bruin man (’n gegewe wat bo en behalwe die biografiese ook van kernbelang is met betrekking tot die *persona poetica* werksaam in die roman) en hierdie indrukwekkende eerstelingwerk van hom is ’n belangrike bydrae tot die verruiming van die tot nog toe hoofsaaklik blank-bevolkte Afrikaanse geesteswêreld. *Vatmaar* is inderdaad die eerste werklik literêr-betekenisvolle roman in Afrikaans deur iemand anders as ’n wit skrywer.

Na *Vatmaar* volg nog *Langsaan die vuur* (1996), ’n werk wat vyf biografieë bevat, en *Afdraai* (1998), ’n kroniek wat die grootste gedeelte van die twintigste eeu bestryk, oor die inwoners van die plaas Brinks Pos. Scholtz het in enkele jare ’n belangrike oeuvre opgebou. Nie net in Suid-Afrika nie, maar ook daarbuite het sy werke ruim verspreiding en groot erkenning gekry. *Vatmaar* is in Nederlands, Engels en Duits vertaal; en ook van *Afdraai* het ’n Nederlandse en ’n Duitse vertaling verskyn. In die resensies word die prosa van Scholtz herhaaldelik vergelyk met ’n onbewerkte diamant.

Nie alles is ewe netjies versorg nie, maar die sprankel wat deur die ruwe, onbewerkte oppervlak skyn, gee ’n verrassende glans daaraan. Die werke van Scholtz is nie tot perfeksie gepolys nie; hulle vertoon ’n hele aantal vormlike tekortkomings en inhoudelike gebreke. Maar juis hierdie onsuiwerhede vorm vir meer as een resensent die aantrekkingskrag van die prosa van Scholtz. Dit verkry daardeur ’n spontaneïteit wat regstreeks appelleer aan die gevoelens van die leser.

Die onafheid van Scholtz se skryfwerk is waarskynlik die resultaat van die feit dat hy min formele vorming gehad het. Scholtz het nooit in Afrikaans klasgeloop nie en hy kon ook nie sy skoolopleiding voltooi nie. As die oudste van tien kinders moes hy, toe sy pa as gevolg van ’n heupbreuk werksongeskik geraak het, op dertienjarige leeftyd ’n ambag aanleer. Hy het ’n leerling-skrynwerker geword en hom na sy praktiese opleiding as skrynwerker en skrynwerkaannemer gevestig. Met kreatiewe skryfwerk het hy eers op ’n later leeftyd begin en nie voordat hy, tevergeefs, sy geluk as beeldende kunstenaar beproef het nie. Scholtz is ’n outodidak. In skoolskrifte het hy die aantekeninge gemaak wat tot sy eersteling, *Vatmaar*, sou lei. Hierdie roman is dan ook "’n werk wat buite die kanon en heelwaarskynlik sonder kennis van die kanon geskryf is" (Du Pooy, 1997:69).

Sonder literêre opleiding of ’n grondige kennis van die Afrikaanse letterkunde, kon Scholtz net terugval op die vertelvorm wat hy uit ondervinding geken het: die orale. Die manier waarop informasie deurgegee en verhale vertel word in ’n geïsoleerde gemeenskap bepaal die verteltrant in die werke van Scholtz. Die skrywer, wat in 1923 gebore is, het seker in die aande na verhale gesit en luister of in die dag die praatjies opgevang wat rondvertel is: "Belangriker nog, bevat *Vatmaar* stories wat om ’n blikvuur op die Kaapse Vlakte, en oral in Suid-Afrika, vertel kon word," skryf Anastasia de Vries (1995:5) in ’n resensie. Die titel van sy tweede werk, *Langsaan die vuur*, en die nawoord daarvan, verwys trouens na die vertellings rondom die aandvuur: "So raak hulle almal aan die slaap, tot iemand, soos u, Liewe Leser, weer vir hulle langsaan die vuur wakker maak." Scholtz gaan van die oervertelsituasie uit; hy gebruik die mees rudimentêre en tegelykertyd die mees universele manier van vertel, naamlik dié van ’n verteller teenoor ’n toehoorder: "Ek gaan ’n storie vertel van die bruinmense van Suid-Afrika" skryf hy in die voorwoord tot *Vatmaar*.

Scholtz maak egter nie die tradisioneel orale erfgoed tot sy verhaalstof nie. Sy boeke is geen bewerkings van ouer, mondeling oorgelewerde verhale nie. Scholtz beskryf sy eie leefwêreld. Hy laat hom inspireer deur die mense en die landskap waarmee hy volledig vertroud is: die gemeenskap waarin hy grootgeword het, die plek waar hy hom gevestig het en waar hy gewerk het; dié omgewing ken hy deur en deur. Sy boeke is gesitueer in die gebied wat voorheen die Kaapprovinsie was. Dit beteken egter nie dat wat hy skryf die gevolg is van ’n kopieerlus vir die alledaagse lewe nie: “De geschiedenis en de leugen geven elkaar de hand. De details zijn vaak op de werkelijkheid gebaseerd. Het gaat dan om kleine dingen. Schrijven is goed kijken, plaatjes maken. Het hoeft niet waar te zijn, als het maar waar lijkt. Levend.” (Quaedvlieg, 1997)

Scholtz is ’n meesterverteller van onopgesmukte verhale oor die lotgevalle van gewone mense. Sy gebruik van die mondelinge vertelstyl berus egter nie op die manipulasie van ’n literêre konvensie soos dit by sekere ander Afrikaans- en Engelstalige Suid-Afrikaanse skrywers die geval is nie. In sekere verhale deur Riana Scheepers en in Elsa Joubert se *Die swerfjare van Poppie Nongena* - werke waarmee *Vatmaar* partykeer vergelyk word, maar wat Scholtz, soos hy self beweer, nie gelees het nie - asook in die geraffineerde Engelstalige Bosveldvertellings van Oom Schalk Lourens soos te boek gestel deur H.C. Bosman, is die mondelinge vertelsituasie ’n literêre truuk met die doel om die outentisiteitswaarde en daardeur die geloofwaardigheid van wat vertel word, te verhoog. By Scholtz is daar hoegenaamd geen sprake van “die herontginning van die orale tradisie” (Lombard, 1994:459) nie. Vir hom is die gebruik van die mondelinge vertelstyl die enigste moontlikheid. Hy het gewoonweg nie ’n alternatief nie.

Die werk van Scholtz staan as gevolg van laasgenoemde buite die Afrikaanse literatuurtradisie. Dit lyk selfs asof dit regstreeks daarteen ingaan. Die voorwoord van *Vatmaar* klink soos ’n onverhole uitdaging aan die adres van die Genootskap vir Regte Afrikaners, wat in 1875 ’n taalmanifes uitgevaardig het met ’n oproep aan alle “Afrikaanders met Afrikaanse harte” om Afrikaans as kultuurtaal te gebruik. Nie hierdie blanke Afrikaners het die diepste wortels in Suid-Afrika nie, maar wel die kleurlinge, omdat hulle nie ’n ander land geken het nie. Hulle lewensverhale wil Scholtz bekendmaak: “Ek gaan ’n storie vertel van die bruinmense van Suid-Afrika. Hulle het nie uit die Noorde gekom nie en ook nie van oorsee af nie. Hulle het hier ontstaan, opregte

Suid-Afrikaners wat dalk eendag Azaniërs genoem sal word.” Scholtz gaan op die drumpel van die derde millennium, soos die stryders van die Eerste Taalbeweging in die laaste kwart van die negentiende eeu, uit van ’n nuwe nulpunt. Deur die geskiedenis van sy mense vas te lê, gee hy aan hulle ’n verlede, ’n hede en ’n toekoms, sonder skatpligtigheid aan wie ook al. Hy gee aan hulle ’n identiteit.

Die kleurlinggemeenskap het hom altyd in die marge van die Afrikaanse kultuurruimte bevind. Hoewel die aandeel van die bruinmense in die ontwikkeling van Nederlands tot Afrikaans substansieel is, is hulle sistematies uit die Afrikaanse kultuurtempel geweer. Hulle het nie toegang daartoe gehad nie, omdat Afrikaans deur die Afrikanernasionalistiese beweging as ’n eksklusiewe besitting van die blanke Arikanervolk opgeëis is. Die ontwikkeling van ’n voldrae literatuur in Afrikaans het grotendeels aan die kleurlinggemeenskap verbygegaan. Die kultuurprodukte in Afrikaans het hoofsaaklik ’n blanke stempel gedra, was gerig op ’n blanke publiek en is versprei via blanke distrubusiekanale.

Die kulturele uitsluiting is in die hand gewerk deur ekonomiese agterstelling. Armoede en sosiale wantoestande reduseer die lewe van die kleurlinggemeenskap dikwels tot ’n daaglikse stryd om oorlewing. In hierdie omstandighede is studiemoontlikhede beperk en is die besit van boeke ’n buitensporige luukse. As gevolg van die streng toepassing van rassesegregasiewette tydens die apartheidsperiode was dit boonop vir mense uit 'n bepaalde groep onmoontlik om aan die kultuurlewe van die ander groepe deel te neem.

Wie binne hierdie konteks literatuur wil skryf, is veral op homself aangewese. Dit geld nie net vir Scholtz nie, maar ook vir die meeste ander bruin skrywers. Daar is opvallende parallelle tussen die werk van A.H.M. Scholtz, E.K.M. Dido, Karel Benjamin (wat ook in die boubedryf werksaam was), Josef Marble, Abraham Phillips en Elias P. Nel. Hulle is almal *self-made* outeurs, nie literêre vakmense nie. Hulle maak baie gebruik van orale verteltegnieke. Die verhale wat hulle vertel, het meestal ’n ongesofistikeerde struktuur. Die naïewe vertelwyse lei daartoe dat die tekste herhaaldelik in die anekdotiese bly vassteek of balanseer op die rand van die melodramatiese.

Die styl waarin hierdie werke geskryf is, kan op sigself reeds as ’n aanklag teen die apartheidsregime beskou word. In verband met die werk van Abraham Phillips skryf

Marion Hattingh (1997:98, 100) die volgende: “Phillips se ongekunstelde verteltegniek bevestig die jare lange sosiale en kulturele verwydering tussen swart en wit. Dit openbaar veral die ontbering van ’n leeskultuur – ’n voorreg wat wit Afrikaanse skrwyers en literatore tot dusver as vanselfsprekend aanvaar en tot norm verhef het (…) Phillips se ‘verouderde’ taalvorme, nes sy ‘outydse’ vertelstyl, vorm ’n ewe sterk aanklag teen apartheid as die verhale wat dit verwoord.” Hierteenoor moet in ag geneem word dat hierdie werke direktheid en emosionaliteit as positiewe kenmerke besit, omdat die vertellings as ’t ware reg uit die hart kom, en dikwels met vurige oortuiging oorgedra word. Die gebreke vorm paradoksaal die krag daarvan.

Waar die werk van Scholtz tot die Afrikaanse literatuur behoort, maar buite die Afrikaanse literêre tradisie staan, vind dit wel aansluiting by ’n ander soort literatuurbeoefening en geskiedskrywing, naamlik die literêre en historiografiese werke wat hulle nie rig op sleutelmomente en –figure uit die geskiedenis nie, maar die lewe van die klein man as onderwerp het en sonder literêre fraiings of estetiese bekommernis daaroor verslag lewer. Die belangstelling vir die klein geskiedenis leef meer as ooit. Scholtz staan beslis nie alleen nie. Abraham Phillips was sy direkte voorloper in die Afrikaanse literatuur met sy novelles *Die verdwaalde land*, *Erfenis van die noodlot* en *Die messiasbende*. Suiwer dokumentêr van aard is *The seed is mine*. *The life of Kas Maine, a South African Sharecropper 1894-1985* van Charles van Onselen, ’n werk waarin ’n gedetailleerde beeld gegee word van die lewe van ’n swart landarbeider. Voorts het in 1997 by Kagiso-uitgewery *Not the end of the world*, *My storie loop so*, *This is my life* en *Umzabalazo* as ’n reeks verskyn, werke waarin vier anti-apartheidsaktiviste hulle ervarings beskryf: “Hulle stories is nie die epiese sages wat hoofopskrifte gehaal het nie, maar wel merkwaardige verhale in die egte stem van gewone burgers” (Mfengu, 1997:agterblad). Opvallend is die mengeling van Afrikaans en Engels in *Umzabalazo*. Scholtz het *Vatmaar* ook eers in ’n Engels-Afrikaanse mengvorm geskryf: “Die hoofrede is dat hy nooit op skool Afrikaans-onderrig ontvang het nie en nie die selfvertroue gehad het om die roman in sy eie spreektaal-Afrikaans te skryf nie.” (Van der Merwe, 1996:26) Die manuskrip is toe, in oorleg met die outeur, volledig in Afrikaans omgewerk.

Scholtz se werke lê in die verlengde van die belangstelling vir *la petite histoire*. Die perspektief waaruit Scholtz na die geskiedenis kyk, is die van die

kleurlinggemeenskap, wat deur die blankes as onmondig beskou is. Die geskiedenis van rassediskriminasie en die invloed daarvan op die bruin gemeenskap vorm die onderwerp van sowel *Vatmaar* en *Langsaan die vuur* as van *Afdraai*.

## 2. Die biografie as onderliggende patroon

Dat die werke van Scholtz by die mondelinge verteltradisie aansluit, het tot gevolg dat die basisskema van ’n verhaal, naamlik die verhaaldinamiek wat berus op die chronologiese afwikkeling van die gebeurtenisse, die opbou daarvan bepaal. Selfs al word die hoofverhaallyne deur byverhale onderbreek, bly die tydslyn nog die onderliggende ordenende beginsel. Sowel die hoofverhaallyne as die byverhale het deurgaans ’n strak chronologiese verloop.

Binne die groot verhaallyne ontstaan daar telkens byverhale wanneer nuwe karakters die geleentheid kry om hulle stories te vertel. Die optrede van ’n persoon in die vertelling van ’n ander karakter vorm dikwels die aanleiding tot die ontginning van ’n nuwe lewensverhaal, of van ’n snit daaruit. Die groot verhaallyne genereer op hierdie manier byvertellings, wat op hulle beurt tot ander verhale lei. As Tant Wonnie uit *Vatmaar* in die polisiesel van Du Toitspan opgesluit is, verneem die leser meer oor die omstandighede wat gelei het tot die inhegtenisname van haar medegevangenes Neels Vool, Chan Look, Hendruk Jannewarie en Bennie O’Grady. Verder word binne die verhaal van Tant Wonnie uitgewei oor onder andere Kaaitjie, Tant Wonnie se dogter, en oor Norman van der Westhuizen en Kenneth Kleynhans, respektiewelik vriende van Tant Wonnie se man en van Kaaitjie. Hierdie verhaalstramien vertoon baie ooreenkomste met die ontwerp van die Russiese matroesjkapoppe: ’n identiese, kleiner pop is telkens in ’n groter een weggesteek. Scholtz voer in sy werke telkens ’n hele reeks karakters ten tonele; die gevolg daarvan is ’n opeenstapeling van verhale.

In *Vatmaar* word aan die hand van die lewensbeskrywings van die belangrikste inwoners ’n lewendige beeld van die lewe in die kleurlingnedersetting geskets. Maar die verhaal kring ook uit na die verlede en na die breër omgewing. *Langsaan die vuur* bevat vyf biografieë. Die eerste een, dié van Casper Crudop, speel af aan die begin van die

agtiende eeu; die ander vier is gesitueer in die twintigste eeu, met 1982 as einddatum. *Afdraai* is weer ’n kroniek wat begin by die Anglo-Boereoorlog en êrens in die apartheidsperiode eindig. Laasgenoemde werk beskryf die lewe van die opeenvolgende bewoners van Brinks Pos. Dit behels so ’n mengeling van figure dat die outeur dit raadsaam geag het om, ter verduideliking, ’n lys van die bewoners van die plaas voorin die boek op te neem. Ondanks die vermenigvuldigingsdans wat die karakters uitvoer, slaag Scholtz telkens daarin om die oorsig te behou.

Die verhaalseleksie wat aangebied word, blyk ’n arbitrêre greep uit ’n onbeperkte aantal moontlikhede te wees. Steeds kom via die parallelle tussen die individuele verhale ’n oorkoepelende beeld tot stand: in *Vatmaar* van ’n gemeenskap; in *Afdraai* van die verskillende generasies van een familie; en in *Langsaan die vuur* van “die agteruitdae van gister met sy mense” (Voorwoord). Scholtz is veral gefassineer deur die lotgevalle, die lewensloop van sy karakters. Hy wil die lot wat hulle te beurt val, hul lewensgeskiedenis, uit die doofpot haal. Soos *Langsaan die vuur*, bestaan *Vatmaar* en *Afdraai* in feite uit ’n opeenvolging van biografieë. Hierdie wye fokus dui aan dat dit nie die momentopname is wat vooropstaan nie, maar die ontwikkeling tot die uiteindelike slot. Die lewe is vir Scholtz ’n dinamiese proses, geen statiese, onveranderlike toestand nie. Die beginsituasie is nooit gelyk aan die afloop nie.

Bowendien werk die individuele verhale kumulatief. Uit die portrettering van ’n veelheid van karakters in die drie werke van Scholtz word, met klein aksentverskuiwings, steeds naastenby dieselfde verhaalwerklikheid opgeroep: mense wat nie tot die bevoorregte blanke groep behoort nie, probeer om op die rand van die samelewing, in uiters moeilike omstandighede, ’n bestaan te maak. Party slaag beter daarin as ander. Veral rassehaat en diskriminasie speel die swart mense en kleurlinge parte. Tog is die slotsom altyd positief.

## 3. ’n Inklusiewe verhaalwêreld

Vir Scholtz is elke verhaal belangrik genoeg om opgeteken te word. Hy laat iedereen toe om, meestal baie uitgebreid, sy of haar lewensverhaal te vertel. Soos wat almal in

Vatmaar welkom is, so berus ook die verhaalwêreld van Scholtz op inklusiwiteit. Niemand word uitgesluit nie. Selfs blankes word aan die woord gestel, soos Lance-Corporal George Lewis, Norman van der Westhuizen of Ollie Bosman (die werkgeefster van Kaaitjie) in *Vatmaar*. Die resultaat is 'n meerstemmige verhaalwêreld waarin almal gelyk is. Heilna du Plooy (1997:79) noem *Vatmaar* 'n polifoniese werk: "Die opvallendste eienskap van die roman is die gebrek aan prioretisering van stemme (in die grootste gedeelte van die roman), die grootlikse gelykwaardigheid van sprekers en die interafhanklikheid van diegene wat praat en diegene wat luister."

Van 'n sentrale vertelinstansie wat die verteltoutjies stewig in die hand hou, is daar in *Vatmaar* nie sprake nie. Die neweskikking van verskilllende verhale en die voortdurende verskuiwings in vertelfokus lei partykeer tot mankemente. Interpretasieprobleme ontstaan as die verhale mekaar teenspreek, soos die geval is met die uitsprake van die regter in die lewensverhaal van tant Wollie. Die een keer toon die regter simpatie met die *underdog*; 'n volgende keer glad nie. Hy simpatiseer met Tant Wonnie, maar teenoor Hendruk Jannewarie, wat beskuldig word van die heling van 'n diamant, tree hy baie hardvogtig op. Hy straf hom genadeloos. Mededoë en regverdigheid in die een verhaal staan teenoor onbarmhartigheid en 'n klasseregspraak in die ander een. Moet uit hierdie kontradiktoriese sinjale afgelei word dat die kleurlinge willoos oorgelewer is aan die volslae willekeur van die blankes? Dat dieselfde regter so wispelturig oordeel, dra nie by tot die oortuigingskrag van die roman nie. Ook ander karakters word soms inkonsekwent geteken. Party is partykeer naïef en goedhartig, ander kere dan weer listig en boosaardig. Deur die kontradiksies is daar 'n sekere gebrek aan konsistensie, waardeur die geloofwaardigheid van die karakters en die oortuigingskrag van die verhale enigsins ondermyn word.

Die inklusiewe karakter van die tekste van Scholtz word versterk deurdat die karakters wat aan die woord kom, voorheen nie in die Suid-Afrikaanse samelewing gehoor is en geen seggenskap gehad het nie. Scholtz bied 'n alternatief vir die wêreld van die blankes, gekenmerk deur eksklusiwiteit. Die meeste blankes word in sy werk uitgebeeld as sou hulle die kleurlinge en swartmense as 'n ondergeskikte klas beskou waarmee hulle geen rekening hoef te hou nie. Swartmense en kleurlinge moet hard werk vir 'n karige salaris. Weens die geringste foutjie word hulle ontslaan of hulle salarisse nie

uitbetaal nie. Hulle word verneder, beledig, sonder rede mishandel of in die tronk gegooi. Kortom, hul menswaardigheid word hulle ontneem.

Die kleurlinge en die swartmense word geteken as volledig oorgelewer aan die blankes, wat altyd met ’n slaafse onderdanigheid benader moet word. So is die blanke huise vir hulle verbode terrein. Kleurlinge en swartmense moet by die agterdeur aanklop; hulle kry net toegang tot die kombuis. Die bediendes woon in ’n kamertjie in die tuin. Hulle moet tevrede wees met die aalmoese wat hulle blanke base vir hulle gee, maar van enige meelewing of daadwerklike steun is daar nooit sprake nie. Deur die lotgevalle van diesulkes op te teken, gee Scholtz aan stemloses ’n stem.

Nie onbelangrik in hierdie verband nie is dat Scholtz baie plek vir vroulike karakaters inruim. Tant Wonnie en haar dogters, Suzan en Kaaitjie, uit *Vatmaar*, Ethel Boonzaaier en Muriel Growé uit *Langsaan die vuur* en Hester Olivier uit *Afdraai* is van die onvergeetlikste karakters wat Scholtz in die lewe geroep het. Hulle staan op die laagste trap van die maatskaplike leer; hulle het skaars beheer oor hulle eie lewens. Die feit dat die bruinmense geen regte het nie, hul volslae gemarginaliseerdheid, word in hierdie vroulike karakters baie treffend uitgebeeld.

Die onderdruktes is letterlik na die rand van die samelewing verstoot. Vatmaar is ’n dorpie waarin niemand belangstel nie, soos die naam reeds suggereer, en wat heeltemal afhanklik is van die blanke Du Toitspan, waarmee dit op gespanne voet leef. Brinks Pos in *Afdraai* is ’n afgeleë plaas. Beaconsfield, waar die lewe van Ethel Boonzaaier uit *Langsaan die vuur* afspeel, is ’n woonbuurt in die omgewing van Kimberley, die kommersiële en administratiewe sentrum. En die hutjie waarheen Kasper Crudop verjaag word, lê ver weg van die blanke plaashuis.

Die mense wat in hierdie uithoeke bly, is van geen belang vir die groter samelewing nie. Hulle koester net klein verlangens. Hul enigste strewe is om ’n bietjie houvas te kry en geluk te vind. Die veiligheid wat hulle nastreef, vind dikwels uitdrukking in 'n soeke na ruimtelike beskerming: ’n dak oor die kop, ’n huis of ’n kamer om in te bly. Die inwoners van Vatmaar is baie trots op die lappie bougrond wat aan hulle toegewys is, alhoewel hulle geen eienaars daarvan kan wees nie. Tog is Vatmaar ’n stukkie paradys waar die meeste inwoners eers na baie omswerwings beland het. Terwyl hulle self in armoede leef, is hulle bereid om wat hulle het, te deel met die wat nog

minder het. Almal wil in Vatmaar bly woon. Hulle voel tuis, omdat hulle weet hulle word deur die gemeenskap aldaar aanvaar. Die plegtige inwydingseremonie wat met die toewysing en die ingebruikname van elke stukkie bougrond gepaard gaan en waaraan die hele dorp deelneem, beseël die opname van die nuwelinge in die gemeenskap.

Maar alles verloop nie altyd klopdisselboom nie. Selfs binne die utopiese opset van Vatmaar duik herhaaldelik allerlei probleme op. Die lewe bly ’n hardnekkige stryd om te oorleef. Dit word juis in die woonsituasie weerspieël. Party verloor hul huise en moet, soos met Tant Wonnie gebeur, na 'n agterkamertjie verskuif; ander, soos Marius Smith uit *Afdraai*, raak totale swerwers. *Afdraai* is ’n verhaal van wisselende geluk betreffende die besit en verlies van grond en ’n woning. Ook die lewe van Seele Moagi word in *Langsaan die vuur* geteken as ’n proses van toenemende verarming totdat Seele, totaal berooid, in die huis van sy skoonouers onderdak kry. Nie lank daarna nie sterf hy. Die kamer waarin Ethel Boonzaaier (*Langsaan die vuur*) woon, bied haar eweneens geen beskerming nie. Sy word daar verkrag. Na haar huwelik met Richard van Wyk trek sy weg uit Beaconsfield. Sy maak aan almal baie duidelik dat sy nie noodgedwonge vertrek nie, maar omdat ’n beter toekoms vir haar wag: “Sy vat dit en loop die hele Broadway deur en spog: Kan julle sien? Hier is dit. Onse trousertifikaat. Sien julle, ek hardloop nie weg nie, ek gaan mooi weg. ’n Getroude vrou, nie ’n los meid nie.” (77) Ook Richard is bly om te kan vertrek: die steeds strenger apartheidswette, waardeur swartmense nie toegang tot kleurlingskole kry nie, maak sy werk as onderwyser onmoontlik. Vir Ethel en Richard is die vertrek uit hul woonbuurt gelyk aan die vooruitsig op ’n beter lewe. Die voortdurende bekommernis om ’n vaste woonplek en voedsel dui aan hoe armsalig die omstandighede is waarin gemarginaliseerde mense moet oorleef en hoe blootgestel hulle is aan die wispelturighede van die noodlot en van die blanke maghebbers.

Kenmerkend van Vatmaar, die ou Brinks Pos en die plase Hoop op Leef en Pasquael (uit die wedervaringe van Kasper Crudop) is die gemengde karakter van die gemeenskap. Verskillende rasse woon langs mekaar. Vatmaar is ’n dorpie wat kort na die Anglo-Boereoorlog, toe woongebiede nog nie geskei was nie, gestig is. Dis die antipode van Du Toitspan, waar die blanke inwoners hulle ver verhewe voel bo die inwoners van Vatmaar. Du Toitspan is die magsentrum: die administratiewe kantore, die polisiestasie, die geregshof en die tronk is daar. Vir alles moet eers aan die administrasie van Du

Toitspan toestemming gevra word of moet op die goedgunstigheid van die blanke instansies, soos die kerk, gereken word.

Deurdat Vatmaar, die teenpool van Du Toitspan, as ideaalbeeld voorgehou word, lei dit tot die ondermyning van die blanke magsentrum. Die dominante posisie van die blankes is verwerf deur die uitsluiting en die onderdrukking van die swartmense en die kleurlinge. Na die Anglo-Boereoorlog vorm die blanke Afrikaners en Engelssprekendes, uit opportunistiese oorwegings, ’n verenigde front teen die swart mense en die kleurlinge: “Hy het eers na die bok gewys en na die kwesmerk uit die Boere-oorlog op sy linkerarm: Hy was nie my vriend nie, want hy was ’n Engelsman. Maar ’n witman, het ons dominee gesê, moet sorg vir ’n ander witman, selfs al moes ons Afrikaners so duur betaal vir ons vaderland.” (Scholtz, 1995:104) Deur hul rassisme en hul ongebreidelde strewe na mag, ten koste van wat ook al, verloor die blankes hul morele gesag. Die waardes word radikaal omgedraai. Die gemengde bevolking van Vatmaar en die hoofkarakters uit *Langsaan die vuur* en *Afdraai* besit ’n innerlike rykdom en ’n edelheid van inbors wat skerp afsteek teen die egoïsme en die rassisme van die blankes. Die skynheiligheid en die arrogansie van die blankes word voortdurend aan die kaak gestel, hul onmenslike behandeling van die swartmense en die kleurlinge in alle felheid ontbloot. Die blankes word, soos by die inwyding van Clinic Katrina in *Vatmaar*, in ’n baie swak lig gestel.

**4. Geen swart-wit tekening**

Tog slaag Scholtz daarin om in *Vatmaar* en *Langsaan die vuur* ’n al te ongenuanseerde swart-wit tekening te vermy. Hy is nie blind vir die gebreke van die kleurlinge en die swartmense nie. Selfs Vatmaar ken rassistiese gedrag: die kleurlinge met ’n blanker vel beskou hulself as beter as die ander inwoners. Dit geld byvoorbeeld vir die kinders van George Lewis. En Muriel Growé in *Langsaan die vuur*, wat vir ’n blanke kan deurgaan, skaam haar vir haar ma as gevolg van haar donker velkleur. Die kleurlinggemeenskap gedra hom nie altyd ewe polities korrek nie.

Bowendien vorm die kleurlinge beslis geen gemeenskap van heiliges nie. Die goeie, die slegte en die lelike kom saam voor. Scholtz maak dit altyd weer duidelik dat

mense goeie én slegte kante het. Selfs in Vatmaar is mense nie altyd opreg nie. So begin die lydensweg van Tant Wonnie wanneer sy deur Martha September, vir wie sy huishoudelike werk doen, beskuldig word van die steel van ’n ring: “Een koue winteroggend het Tant Wonnie wasgoed vir ’n swart bruinvrou gewas – dié soort wat wit bruinmense haat.” (121)

Verder word daar gesteel, aangerand, uitgebuit en bedrieg. Niks mensliks is aan die kleurlinggemeenskap vreemd nie. Die werke van Scholtz kry hierdeur ’n realistiese inslag, wat boonop versterk word deur die aandag aan die tiperende detail en die onverbloemde taal- en beeldgebruik. Die totaalbeeld wat ’n mens uit die drie prosawerke van Scholtz kry, is van ’n gemeenskap met ’n bonte mengeling van velkleure en persoonlikhede, wat homself wil bly en probeer standhou in ’n omgewing wat in ’n groeiende mate deur rassisme en rassediskriminasie geteister word.

Die feit dat alle swartmense en kleurlinge dieselfde lot ondergaan, toon aan dat die tentakels van rassediskriminasie orals reik. Die apartheidswette legitimeer ’n sisteem van strukturele onderdrukking. Dit maak alle swartmense en kleurlinge, ongeag hulle agtergrond en vermoëns, slagoffers. Die velkleur bepaal die posisie op die maatskaplike leer, asook die bejeëning deur die blankes. In blanke oë het die swartmense en die kleurlinge geen individuele identiteite nie. Blankes gee hulle dan ook by ’n eerste ontmoeting dikwels ’n nuwe naam: “Baas, hy sê sy naam is Pelo, het die agterryer gesê. Die man met die baard het na my gekyk. Nee, sy naam is Filippus, sy naam moet uit die Bybel kom, sê hy toe.” (Scholtz, 1995:41) In ander gevalle word swartmense en kleurlinge met ’n raspejoratief soos “kaffir” of “hotnot”, of met ’n funksienaam met ’n negatiewe konnotasie, soos “meid” of “boy”, aangespreek.

Elke lewensverhaal kry ’n bopersoonlike dimensie, omdat alle swartmense en kleurlinge dieselfde ervarings met die blankes het. Dis nie soseer die verslag van ’n unieke lewensloop nie, maar eerder ’n uitdrukking van die gedeelde ervarings van die kleurlinggemeenskap. Die individuele lewensverhaal fungeer as ’n voorbeeld. Die individu word die draer van die onreg wat ’n hele gemeenskap moet ondergaan.

Ondanks die rassehaat wat die swartmense en die kleurlinge moet verduur, en die leed wat hulle aangedoen word, is alles tog nie treurigheid en ellende nie. Die gemeenskap van Vatmaar slaag daarin om die beste van die omstandighede te maak. Die

suur en die soet hou mekaar min of meer in ewewig. Die solidariteit in die gemeenskap maak dit moontlik om die grootste moeilikhede te bowe te kom: “Vatmaar was arm, en tog het ons nie armoede geken nie.” (Scholtz, 1995:2) Die lewe wat die mense lei, is ’n regte gemeenskapslewe. Almal ken mekaar en weet alles van mekaar af. Daar word gesamentlik getreur, gevier en gebaklei. Almal is toeskouers, toehoorders of vertellers. Die samehorigheidsgevoel laat die individu toe om bo homself uit te styg. Van die gemeenskap gaan ’n positiewe dinamiek uit. Party slaag selfs daarin om geluk te vind en uit ’n lewe van armoede en ongeluk te ontsnap. Dis onder andere die geval met Kasper Crudop, Ethel Boonzaaier en Muriel Growé in *Langsaan die vuur* en met Suzan Müller in *Vatmaar*. Ondanks die ellende en die teenslae bly die hoop op ’n beter toekoms steeds gewettig.

## 5. Die geskiedenis

### 5.1 ’n Verlede van onderdrukking

Die lewensverhale van die karakters word altyd teen ’n historiese agtergrond geprojekteer. Aan die geskiedenisraamwerk word ’n spesifieke invulling gegee, wat nou aansluit by die voorstelling van die lewe van die karakters as ’n biografie. Die nadruk val op die geskiedenis as ’n ontwikkelingsgang, ’n dinamiese proses. Scholtz se werke bestryk telkens ’n groter tydsperiode wat, soos die lewensverhale van die karakters, hoofsaaklik chronologies beskryf word. Hulle fikseer nie ’n momentopname nie. Die klem val op die geskiedenis as evolusie, as voortgang na ’n eindpunt.

Veral die twintigste eeu word belig. Slegs in *Langsaan die vuur* is die biografie van Kasper Crudop in ’n ander tydsbestek gesitueer, naamlik die einde van die sewentiende en eerste kwart van die agtiende eeu. Die werke van Scholtz stel daardeur veral die geskiedenis van rassediskriminasie en -segregasie in die vorige eeu te boek.

Aan die belangrikste episodes uit die twintigste-eeuse geskiedenis word in sowel *Vatmaar* as in *Afdraai* aandag bestee: die Anglo-Boereoorlog, die Tweede Wêreldoorlog en die stelselmatige invoering van apartheid na die verkiesingsoorwinning van die

Nasionale Party in 1948. Vanuit die standpunt van die kleurlinge word ’n totaal ander interpretasie van hierdie gebeurtenisse gegee as vanuit 'n blanke en veral Afrikanernasionalistiese perspektief. Die Anglo-Boereoorlog is nie langer ’n bitter vryheidstryd tussen twee blanke stamme nie, maar vir die kleurlinge wat hulle as Britse onderdane – die Kaapkolonie was in Britse hande – by die Britse leër aansluit, ’n middel om vir hulle gesinne te sorg. In *Vatmaar* het die kleurlinge nie om ideologiese redes by die oorlog betrokke geraak nie. Met die saak van die Boere, hul taalgenote, identifiseer hulle glad nie. Tog laat hulle partykeer ’n bietjie meelewing met hulle blyk:

> Wel, ek het gedink ek kan nie staan en kyk hoe die Boere oor niks moet ly en hoe vrouens en kinders uit hulle huise gevat en hoe alles wat hulle het aan die brand gesteek word op orders van die Queen nie. Ek het besef ons Cape-boys moet die vuilwerk doen terwyl die Queen se manne staan en kyk hoe ons dit doen. (11)

Lank bly die kleurlingsoldate nie hierby stilstaan nie. Uit die oorlog probeer hulle in die eerste plek soveel moontlik voordeel vir hulself haal. Die naam Vatmaar verwys trouens na die oorlogsbuit, waarop hulle op afgebrande plase die hande kon lê en wat naderhand tot die vestiging van die nedersetting sou lei. Ondanks hul aandeel in die oorwinning van die Engelse word die kleurlinge na die oorlog nie beloon nie. Hul betrokkenheid by die *white man’s war* het nie gelei tot ’n verandering in hul maatskaplike posisie nie.

In *Afdraai* is die situasie vir die kleurlinge nog pynliker. Hester, die vrou van die blanke kneg Hendrik Olivier, is van Oosterse afkoms. Na die verwoesting van Brinks Pos word sy saam met die ander Boerevrouens in dieselfde konsentrasiekamp geïnterneer. Sy is ’n standvastige toeverlaat vir hulle maar ondervind reeds in die kamp ’n groeiende kleurantagonisme. Na die oorlog word sy deur haar blanke man, wat as krygsgevangene na Ceylon verban was, omrede haar velkleur verstoot. Diskriminasie en rassisme sal in die loop van die eeu steeds erger vorms aanneem.

Ook by Hester is daar min tekens van ’n ideologiese bewussyn. Sy bekommer haar oor almal omdat sy hulle in die eerste plek as medemense beskou en hulle soveel as moontlik wil help. Haar optrede word nie bepaal deur kategorieë soos velkleur, groep, volk of ideologie nie. In haar oë is Neels Potgieter, ’n hensopper, ’n Boereheld wat haar agting verdien: “Vir jou, Neels Potgieter, is die voortbestaan van jou Boerestam meer

belangrik as woorde van minagting wat jy moet sluk.” (Scholtz, 1998:41) En ook met die Engelse korporaal Joshua Smith, wat van Maori-afkoms is, het sy ’n vriendskapsband. Die ander vrouens neem haar daaroor baie kwalik.

Die geskiedenis herhaal hom tydens die Tweede Wêreldoorlog. Die kleurlinge sluit aan by die Suid-Afrikaanse leër om teen die Duitsers te veg. Op offisiële steun of erkenning moet hulle egter nie reken nie. As die kleurlingsoldate sneuwel, verloor die gesin die broodwinner; dit lei, byvoorbeeld vir Muriel Growé en haar ma in *Langsaan die vuur*, tot bitter armoede. Nie almal het die geluk van Tant Wonnie nie, aan wie deur ’n meevoelende regter tog nog ’n oorlogspensioen toegeken word.

Hoewel die kleurlingsoldate hulle tydens die oorlog heldhaftig gedra het, werp dit op maatskaplike vlak geen vrugte af nie, inteendeel. Deur die verkiesingsoorwinning van die Nasionale Party in 1948 en die geleidelike invoering van steeds strenger apartheidswette word hulle regte meer en meer ingeperk. Suid-Afrika word ’n gesegregeerde samelewing. ’n Liefdesverhouding of ’n huwelik oor die kleurgrens heen is glad nie meer moontlik nie. Muriel Growé en Marius Smith ondervind dit tot hulle nadeel. Die blanke het van nou af altyd reg. In *Afdraai* toon Scholtz hoe rassisme in die loop van die twintigste eeu geleidelik toeneem en hoe die lewe van die protagoniste daardeur geraak word. Nòg op geregtigheid van owerheidsweë, nòg op ondersteuning vanuit die blanke gemeenskap kan die kleurling staatmaak. Ook ’n goeie persoonlike verstandhouding oor die kleurgrens heen is nie meer moontlik nie.

’n Vorm van verweer teen die apartheidsregime lê in gewapende verset. In die biografie van Kwela Modise, opgeneem in *Langsaan die vuur*, betuig Scholtz eer aan die jonggestorwe versetstryder: “Onverskrokke offer hy sy jong lewe op die altaar van geregtigheid teen die donker magte van apartheid sodat mense – wit en swart – mekaar kan verstaan. Ons mag hom nie vergeet nie.” (165) Selfs aan hierdie lewensverhaal word daar geen ideologiese inkleding gegee nie. Die lewensloop van Kwela Modise en sy keuse vir die gewapende stryd word bepaal deur sy persoonlike omstandighede.

Die geskiedenis vorm net ’n vae dekor waarteen die lewens van die romankarakters hul afspeel. Vir Scholtz gaan dit nie soseer oor ’n noukeurige historiese rekonstruksie nie, maar eerder om aan te toon hoe die groot geskiedenis op die kleinere inwerk: watter gevolge historiese gebeurtenisse of politieke beslissings het op die

gesindheid tussen mense en groepe; wat die konsekwensies is vir die gewone mens. Die geskiedenis vorm die breë raamwerk waarbinne die individu moet leef.

In die werke van Scholtz kom die groot en die klein apartheid in die vorm van geskeie woongebiede, ’n swakker skoolopleiding, meer beperkte beroepsmoontlikhede en aparte openbare geriewe relatief selde ter sprake. Die klem val op menslike verhoudings: die een persoon wat vir die ander een die lewe moontlik of onmoontlik maak deur vriendelik of onvriendelik teenoor hom te wees, of wat die ander as ’n gelyke of vanweë sy kleur as minderwaardig beskou. Ook hierdie gerigtheid is ’n faset van die benadering van die lewe as ’n biografie. In hierdie opsig kan ’n opvallende ooreenkoms met *Die reise van Isobelle* vasgestel word. In Elsa Joubert se roman word die geskiedenis vanuit dieselfde optiek benader. In ’n resensie maak Louis Venter (1996) hieroor die volgende opmerking:

> Die oneweredigheid waarmee historiese stof in *Die reise van Isobelle* gehanteer word, is nie ’n “fout” nie. Dit het eerder ’n belangrike romanfunksie, naamlik om duidelik te maak dat *Die reise van Isobelle* biografie-fiksie en nie geskiedenisfiksie is nie. Daar is die groot dramatiese gebeure van die geskiedenis, sê Adam Small op ’n plek, en dan is daar die biografie, dit is die klein geskiedenis van mense wat in, maar ook verby, hul historiese bepaaldheid probeer leef.

In die werke van Scholtz behou die indiwidu sy verantwoordelikheid. Reg en onreg kry in die optrede van ménse ’n konkrete gestalte. Bowendien word die onreg deurentyd vanuit die belewing van die slagoffer beskryf. Die onregverdige, skokkende, onthutsende aard daarvan word op hierdie manier nog sterker beklemtoon.

Binne die apartheidskonteks is dit onvermydelik dat menseverhoudings veral deur rassisme bepaal word. Die wyse waarop mense en groepe van verskillende velkleur met mekaar omgaan, groei uit tot die kernproblematiek van die werke van Scholtz. Rassisme en apartheid trek die menseverhoudings totaal skeef. Die verdeling van rykdom en armoede, agting en veragting, reg en onreg is die gevolge daarvan.

Scholtz het sy werke gepubliseer na die oorgang na ’n demokraties verkose meerderheidsregering. Van hierdie transformasie maak hy nêrens gewag nie. Tog dui hy implisiet aan dat Suid-Afrika grondig verander het. Scholtz skryf oor ’n periode wat afgesluit is, vanuit ’n politieke bedeling wat aan die swartmense en kleurlinge nuwe

moontlikhede bied, maar ook nuwe eise stel. *Vatmaar* is "'n (l)ewendagge verhaal van 'n tyd wat nie meer is nie". In *Langsaan die vuur* spreek die outeur die leser aan met die woorde: "Lees met gevoelens en vergeefnis en geniet die agteruit dae van gister met sy mense. Wat gebeur het, kan nie verander word nie; net tyd kan dit uitwas." *Afdraai* is "'n (k)roniek van seermaak en seerkry, van vrede en verandering". Die nuwe Suid-Afrikaanse realiteit met 'n radikaal gewysigde politieke en maatskaplike bedeling vorm die bevestiging van die rotsvaste geloof wat in die werke van Scholtz uitgespreek word dat diskriminasie opgehef sal word en dat mense mekaar se gelykes sal wees.

### 5.2 'n Teleologiese visie

In die drie prosawerke van Scholtz word telkens aangedui dat daar 'n einde aan onderdrukking sal kom. Die situasie wat aan die begin van elke werk geskets word, stel die moontlikheid van 'n positiewe ontwikkeling in die vooruitsig. In *Langsaan die vuur* trou die slaaf Kasper Crudop met Helen en word op hierdie manier die eienaar van die plaas Pasquael. Brinks Pos ken aanvanklik geen kleurverskille nie. Hester, 'n Oosterling, is met die blanke bywoner Hendrik Olivier getroud. En op Vatmaar heers daar volledige rassegelykheid. Ondanks toenemende voorvalle van rassisme, met verslegtende rasseverhoudinge as gevolg, bly die beginsituasie telkens as 'n alternatief vooropstaan. Wat in die verlede normaal was, kan opnuut werklikheid word. Hoewel die drie werke van Scholtz historiese romans is, het hulle ook 'n utopiese kwaliteit: hulle toon hoe Suid-Afrika sou kon gewees het sonder rassisme. Die verlede fungeer daardeur as spieël waarin 'n blik op die toekoms gewerp kan word.

In die tekste self word herhaaldelik eksplisiet vooruitgewys na die wending wat die geskiedenis van Suid-Afrika sal neem: "Die wittes wil vir Afrika besit en regeer. Maar die wiel sal draai, dan besit Afrika die witmense. Die witmens sal nie – soos hy sê – sy bloed wit hou nie. Sy taal, ja, Afrikaans. Dit is ook onse taal en ook naby onse harte." (Scholtz, 1996:135) Ook in *Afdraai* word 'n nuwe bedeling in die vooruitsig gestel, naamlik deur Hester, wat oor die gawe van toekomsvoorspelling beskik. As 'n swart stamhoof na die Anglo-Boereoorlog by haar kla oor die lyding van sy mense, praat

Hester hom moed in: “Hester wil loop maar dis asof iets – daardie ekstra iets wat sy so baie in haar lewe al gevoel het – vir haar sê sy moet wag (…) God se tyd is nie menstyd nie, sê Hester. Hy het gehoor – julle verlosssing sal kom.” (57) Haar woorde word geëggo deur Metse van Brink en Oom Taliep. Geregtigheid sal seëvier en die rassistiese Afrikanerregime sal omvergewerp word: “Net soos die wêreld om ons verander, verander ons self ook. En apartheid sal ook verander. Apartheid sal homself vernietig in die vreet van sy eie wurms.” (129) Wat in die prosawerke van Scholtz nog ’n voorspelling is, het ondertussen werklikheid geword. Fiksie en realiteit lê in die verlengde van mekaar.

Die vaste geloof in ’n uiteindelik goeie afloop berus op ’n Christelike interpretasie van die geskiedenis en van die lewe van die mens. Trouens, die individuele lewensloop en die voortgang van die geskiedenis volg dieselfde patroon. Die menslike lewenslot en die geskiedenis van die wêreld vorm ’n afspieëling van mekaar. Vanuit ’n Christelike optiek is albei, op verskillende vlakke, fasette van die heilsgeskiedenis. Alles wat met die mens en met die wêreld gebeur, is deur God beskik. Die goed en die kwaad wat die mens en die mensheid oorkom, is deel van Sy ondeurgrondelike heilsplan. Die mens moet hom hierin skik, omdat God altyd die beste vir hom wil. Deur sy gebede erken die mens sy onderdanigheid aan God. Sy standvastige geloof laat hom toe om alle ellende en teenspoed te deurstaan. Sy gebede word deurgaans verhoor. Dit is ’n bewys van God se trou en liefde. As beloning val geluk die mens ten deel. Die einde van ’n aantal lewensverhale in Scholtz se werk sou kon gelui het: hulle het nog lank en gelukkig geleef.

Die liefde is die mees tasbare teken van die Goddelike aanwesigheid. Lyding en dood is ’n bestraffing vir begane sondes. Kaaitjie, die dogter van Tant Wonnie, sterf in die kinderbed: “Geen medisyne of huisraat kon Kaaitjie haar krag teruggee nie. Sy het die prys vir een of ander vorige verkeerde daad betaal – in hierdie lewe of in een of ander vorige lewe.” (Scholtz, 1995:259) Gewoonlik het die deurgestane ellende ’n louterende werking en volg daar ’n vorm van kompensasie. Waar Kaaitjie nie geluk vind nie, kry haar sussie Suzan dit in die skoot gewerp. Sy neem die sorg van die baba oor en trou met Kenneth Kleynhans, Kaaitjie se vriend.

En wie op aarde geen geluk ken nie, vind na die dood hemelse geluksaligheid en ewige rus. Seele Moagi word byvoorbeeld dood aangetref met sy vinger op die

Bybelteks: “Kom na my toe, almal wat bemoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.” (Scholtz, 1996:120) Teenoor die beloning wat op die diepgelowige Christene wag, staan die bestraffing van almal wat hulle onchristelik gedra. Hulle geraak tot die bedelstaf, soos die blanke minnaar van Muriel Growé; ken allerhande ongeluk of sterf ’n voortydige dood, soos die blanke boere in die lewensverhaal van Kasper Crudop. Dié bestraffings is eweseer bewyse van God se aanwesigheid en daadkragtige optrede.

Uit die drie werke van Scholtz spreek dieselfde Christelike oortuiging. Dit verklaar ook die lydsaamheid waarmee die verdruktes hul lot ondergaan. Ondanks al die vernederings predik hulle, met Kwela Modise as enigste uitsondering, geen opstandigheid nie. Op grond van die vertroue dat God oor alles beskik, word selfs die ergste vorms van uitbuiting en onreg sonder protes of verweer ondergaan. Om dieselfde rede gee hulle ook nooit moed op nie; selfs in die diepste wanhoop bly hulle tot God bid en in 'n positiewe uitkoms glo. Uiteindelik word die vaste geloof dat God hulle sal beloon as hulle standvastig bly, nie beskaam nie. Soos God in die lewe van die mens ingryp, so bestier Hy ook die geskiedenis.

Die teleologiese interpretasie van die menslike lewe en van die geskiedenis, waardeur alles met ’n dieper insig gelaai en geïnterpreteer word as stappe in die verwesenliking van die Goddelike orde, kan ook by ander kleurlingprosaïste soos E.K.M. Dido en Abraham Phillips, teruggevind word. In *Die verdwaalde land* van Phillips word byvoorbeeld gestel: “Ronnie glo dat die hand van die Here duidelik te sien is in die geskiedenis van hierdie verdwaalde land.” (66) Soos Phillips, pleit Scholtz nadruklik vir “versoening” en “vergeefnis” opdat ’n nuwe maatskappy tot stand sou kan kom. Dido (1996:15) deel dieselfde oortuiging:

> Ek is ook oortuig dat Hy ons, die inwoners as ’n voorbeeld vir die wêreld daar gesit het sodat almal kan sien hoe mense van verskillende rassegroepe, kulture, gewoontes en geloofsoortuigings saam in liefde en vrede kan leef; hoe wedersydse respek vir ’n persoon se naam en besittings alles behels wat Sy Seun ons leer: Bemin jou naaste soos jouself.

Ook die werk van blanke skrywers soos Elsa Joubert berus op so ’n teleologiese interpretasie van die geskiedenis en van die lewe van die mens.

Die voorstelling dat Suid-Afrika as reënboognasie aan God se ideaalbeeld beantwoord, kan as reëlreg teenstellend tot die tradisionele Afrikanernasionalistiese interpretasie van die Bybel en van die geskiedenis gesien word. Die eksklusiewe aansprake wat sekere Afrikaners voorheen op Suid-Afrika as die beloofde land gehuldig het, blyk hiervolgens op ’n verkeerde interpretasie van die Bybel en van die Christelike geloof te berus. Die Christendom van dié blankes was dus nie die ware nie. In die werke van Scholtz word die blankes as skynheilige Christene voorgestel wat self nie doen wat hulle aan ander as ideaal voorhou nie. Hulle geloof is ’n saak van pligmatigheid en eiebelang. Die swartmense en die kleurlinge aan wie die blankes die geloof gebring het, is beter Christene as hulle. Hulle kyk verby die uiterlike na die innerlike van die mens. Almal kry uiteindelik wat hulle toekom. Dat die blanke apartheidsregiem uiteindelik sy mag oorgedra het aan ’n demokraties verkose swart regering, kan gesien word as bevestiging van die feit dat God aan die kant van die onderdruktes staan: dat die swartmense en die kleurlinge pleit vir versoening en vergifnis, is die finale bewys van hulle deurleefde Christelikheid.

Dat alles met ’n positiewe betekenis gelaai word, gee herhaaldelik aan die werke van Scholtz ’n sentimentele en partykeer selfs ’n melodramatiese inslag. die lotswisselings is dikwels te grillig en die uitkomste te positief om heeltemal oortuigend te kan wees. ’n Aantal verhale lyk te sterk gemodelleer op die sprokie van Aspoestertjie. Die patos bereik ’n hoogtepunt in *Afdraai* met die offerdood van Marius Smith. Hierdeur kom Louise, sy gewese vrou, tot inkeer en ken die roman tog nog ’n hoopvolle einde. *Afdraai* gaan mank aan emosionele oordaad. Ongekunstelde naïwiteit en banale oppervlakkigheid lê soms nie ver uitmekaar nie. Die balans hel meer as een maal in die verkeerde rigting oor. Slegs die dwarse hardnekkigheid waarmee die karakters trou bly aan hulself en, ondanks al die ellende en mistroostigheid vas bly hou aan die waardes waarin hulle glo, laat hulle ’n kern van geloofwaardigheid behou.

*Vatmaar* is minder onderhewig aan opwellings van sentimentaliteit as *Langsaan die vuur* en *Afdraai*. Die inwoners van Vatmaar is ook minder die speelbal van die lot, omdat hulle hul lewens in eie hande neem. As oorlewingskunstenaars vergemaklik hulle God se werk. Die steel van diamante deur Oom Flip, Sus Bet, Siesie Lena en Janman, of die spoegery en urinering in die drinkwater van die ou boerin deur haar swart kneg Onie-

as, is vorms van regstellende aksie: maniere, hoe onbeduidend ook al, om tog ’n vorm van geregtigheid of vergelding te verkry. Die swartmense en kleurlinge laat hulle nie deur die lewe en die blankes onderkry nie. Uiteindelik word hulle hoop nie beskaam nie.

## 6. Verruiming en verryking

Scholtz is ’n gebore verteller wat die mondelinge vertelwyse as basis vir sy tekste gebruik. Dat sy werk nie perfek gestruktureer is nie en soms diepgang mis, moet die leser aanvaar. Oppervlakkige emosies, ’n gebrek aan refleksie en kritiese analise, goedkoop effekbejag, ’n gebrek aan konsistensie en ’n te ongepolyste struktuur doen nogal afbreuk aan die trefkrag van sy prosa. Vir die strukturele tekortkomings word egter gekompenseer deur die intensiteit van inlewing. Scholtz skryf nie oor nie, maar vanuit die situasie van die geteisterde kleurlinggemeenskap. Die onafgerondheid wat kenmerkend is van die mondelinge vertelling, dra in ’n belangrike mate by tot ’n verhewigde gevoel van outensiteit. Juis wanneer Scholtz aan sy werk ’n meer gesofistikeerde literêre struktuur wil gee, is die eindresultaat minder bevredigend. In *Afdraai* is die uitwerking van die verhaallyn juis om hierdie rede dikwels taamlik onbevredigend. *Vatmaar*, daarteen, is baie geslaagder in hierdie opsig, omdat die mondelinge vertelstyl effektief aangewend word en die nuanserings ’n al te sterk eensydigheid teengaan.

Terwyl ’n hele aantal tematiese parallelle gevind kan word tussen die werk van Scholtz en dié van ander kleurlingskrywers, is sy benadering baie omvattender. Deur die optekening van die geskiedenis van die kleurlinggemeenskap vanaf die begin van die twintigste eeu tot aan die einde van die apartheidsperiode, bring hy ’n verlede wat nog nie eerder beskryf is nie in die openbaar. Hierdeur vul sy werk ’n belangrike leemte in die Afrikaanse literatuur en in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Deur bowendien die klem te plaas op persoonlike verhoudings, toon hy op beklemmende wyse aan hoe rassediskriminasie en –segregasie in die lewe van die individu ingryp. Die werk van Scholtz ontbloot die gekwetste menslikheid van die *underdog*, maar ook sy koppige weerbaarheid.

Die karakters wat Scholtz ten tonele voer, gryp die leser aan. Hulle staan myle verwyderd van die stereotiepe *jolly hotnot*-voorstelling van die kleurling in die ouer Afrikaanse literatuur. Rolle is heeltemal omgekeer. Blankes word as gevolg van die blinde rassisme waardeur hulle die swartmense en die kleurlinge as gesiglose ‘skepsels’ sien, tot stereotipes gereduseer. Die kleurlinge en die swartmense, daarenteen, kry deur die tragiek van hulle lewensgeskiedenis ’n beklemmende gestalte.

Die leser kan nie afsydig bly nie. Hy word meegesleep in die verhaalwêreld en ondergedompel in die lewe van die karakters. Hy ondergaan hulle lot en deel hulle lyding, wanhoop en verontwaardiging, maar ook hul geloof, hoop en liefde. Uit hierdie betrokkenheid groei empatie en begrip. Die werke van Scholtz maak van rassediskriminasie en –segregasie oefeninge in die absurde en lewer daardeur ’n belangrike bydrae tot die oopskryf van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Die prosa van A.H.M. Scholtz en van die ander bruin skrywers bring ’n belangrike verruiming en verryking vir die Afrikaanse literatuur teweeg, wat tans meer as ooit die kleursamestelling van die reënboognasie reflekteer. Die ou parameters het hul bruikbaarheid vir altyd verloor. Volgens Jakes Gerwel (1995:31) is *Vatmaar* “’n hoopvolle teken dat Afrikaans nou, vrygeraak van die juk van apartheidspolitiek, sal gedy met die deelname van sy volle spraakgemeenskap.” Die ander werke van A.H.M. Scholtz, asook die resente publikasies deur ander bruin prosaïste en digters, bewys dat dit inderdaad die geval is.

**Bibliografie**


Benjamin, Karel. 1996. *Staan uit die water uit! ’n Kaapse jeug*. Kaapstad: Kwela Boeke.

Benjamin Karel. 1999. *Pastoor Scholls trek sy toga uit en ander stories*. Kaapstad: Kwela Boeke

Benjamin, S.P. 1997. *Die reuk van steenkool*. Kaapstad: Quiellerie

Benjamin, S.P. 1999. *Die lewe is ’n halwe roman*. Kaapstad: Quiellerie

De Vries, Anastasia. 1995. Debuut spreek allereers tot die hart. *Die Burger,* 11 Augustus

Dido, E.K.M. 1996. *Die storie van Monica Peters*. Kaapstad: Kwela Boeke.

Dido, E.K.M. 1997. *Rugdraai en stilbly*. Kaapstad: Kwela Boeke

Dido, E.K.M. 2000. *’n Stringetjie blou krale*. Kaapstad: Kwela Boeke

Du Plooy, Heilna. 1997. Die literatuur self is weer voor – *Vatmaar* van A.H.M. Scholtz *Stilet* IX(2):69-80, September

Gerwel, Jakes. 1995. ’n Groot vonds vir Afrikaans. *Insig,* November:31

Hattingh, Marion. 1997. Abraham Phillips en die Afrikaanse literêre kritiek. In Willemse, Hein, e.a. 94-105

Hattingh, Marion en Willemse Hein (reds) 1994. *Vernuwing in die Afrikaanse letterkunde*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Joubert, Elsa. 1995. *Die reise van Isobelle*. Kaapstad: Tafelberg

Lombard, Jean. 1994. Vertelling as vernuwing: die orale tradisie in resente geskrewe literatuur in Afrikaans. In: Hattingh, Marion en Willemse, Hein. 569 – 470

Majoor. Ineke. 2001. Het gevecht om gelijk recht by Adam Small en andere “swart skrywers.” *Zuid-Afrika* 78(11/12): 122, november/december

Marble, Joseph. 1999. *Ek, Joseph Daniel Marble.* Kaapstad: Kwela Boeke

Mufengu, Nongeteni. 1997. *My storie loop so*. Mowbray: Kagiso

Moleleki, Mirriam. 1997. *This is my life.* Mowbray: Kagiso

Mroxisa, Neliswa. 1997. *Umzabalazo.* Mowbray: Kagiso

Nel, Elias P. 1998. *Iets goeds uit Verneukpan?* Kaapstad: Tafelberg.

Nel, Elias P. 2001. *Mafoiing*. Kaapstad: Tafelberg.

Ngewecwe, Nothemba. 1997. *Not the end of the world.* Mowbray: Kagiso

Petersen, Patrick. 1997. Die ongelyke magsverhoudings in die Afrikaanse letterkunde. In: Willemse, Hein e.a.

Phillips, Abraham. 1992. *Die verdwaalde land.* Kaapstad Queillerie

Phillips, Abraham. 1993. *Erfenis van die noodlot.* Kaapstad: Queillerie

Phillips, Abraham. 1997. *Die Messiasbende.* Kaapstad. Queillerie

Quaedvlieg, Petra. 1997. Geschiedenis en leugen hand in hand. *De Morgen*, 18 september

Scholtz, A.H.M. 1995. *Vatmaar*. Kaapstad: Kwela Boeke

Scholtz, A.H.M. 1996. *Langsaan die vuur*.Kaapstad: Kwela Boeke.

Scholtz, A.H.M. 1998. *Afdraai*. Kaapstad: Kwela Boeke

Small, Adam. 1965. *Kanna hy kô hystoe*. Kaapstad: Tafelberg

Smith, Clive. 1997. *Bly te kenne, Braam*. Kaapstad: Kwela Boeke

Smith, Julian; Van Gensen, Alwyn; Willemse, Hein (reds.). *Swart Afrikaanse Skrywers*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Van der Merwe, Annari. 1996. Die ongewone geboorte van *Vatmaar*. *Insig*, Januarie: 26

Van der Merwe, Kirby. 1999. *Klapperhaar slaap nie stil nie*. Kaapstad: Kwela Boeke

Van Onselen, Charles. 1996. *The seed is mine. The life of Kas Maine, a South African Sharecropper 1894 – 1985*. Oxford: James Currey

Venter. Louis. 1996. Net ten dele groot Afrikaner-roman. *Beeld*, 1 Augustus

Willemse, Hein; Hattingh, Marion; Van Wyk, Steward en Conradie, Pieter. 1997. *Die reis na Paternoster*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.